APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

SCHEDULING STATUS: S4

ZELIVIRE 500 Tablets

Valaciclovir 500 mg

Sugar free

Read all of this leaflet carefully before you start taking ZELIVIRE 500

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have further questions, please ask your doctor, pharmacist, nurse or other healthcare provider.
- ZELIVIRE 500 has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

What is in this leaflet

1. What ZELIVIRE 500 is and what it is used for
2. What you need to know before you take ZELIVIRE 500
3. How to take ZELIVIRE 500
4. Possible side effects
5. How to store ZELIVIRE 500
6. Contents of the pack and other information

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

1. What ZELIVIRE 500 is and what it is used for

ZELIVIRE 500 is an antiviral medicine and it lowers the ability of the herpes viruses to multiply in your body.

ZELIVIRE 500 is used:

- to treat shingles (also called herpes zoster) in adults. Shingles is caused by the same herpes virus that causes chickenpox. It also reduces the duration of pain that is caused by the zoster virus.
- for episodic treatment of recurrent genital herpes in adult patients with normal immune systems. If you are sexually active, you can still pass herpes to your partner, even if you are taking ZELIVIRE 500.
- for prevention (suppression) of recurrent herpes simplex infection of the skin and mucous membrane of the ano-genital area.
- for prophylaxis/prevention of cytomegalovirus (CMV) infection, cytomegalovirus (CMV) disease and other herpes virus infections following organ transplantation.

2. What you need to know before you take ZELIVIRE 500

Do not take ZELIVIRE 500:

- If you are hypersensitive (allergic) to valaciclovir, aciclovir or any of the ingredients of ZELIVIRE 500 (listed in section 6).
- If you are pregnant or planning to become pregnant.
- If you are breastfeeding your baby.

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

Warnings and precautions

Take special care with ZELIVIRE 500:

Important Information:

Drug reaction with eosinophilia and systemic symptoms (DRESS) has been reported with the use of valaciclovir. DRESS appears initially as flu-like symptoms and a rash on the face then an extended rash with a high body temperature, increased levels of liver enzymes seen in blood tests and an increase in a type of white blood cell (eosinophilia) and enlarged lymph nodes.

If you develop a rash associated with fever and enlarged lymph nodes, stop taking valaciclovir and contact your doctor or seek medical attention immediately.

If you had a bone marrow transplant or kidney transplant, or you have had advanced HIV disease or "AIDS". Patients with these conditions may have a higher chance for getting a blood disorder called thrombotic thrombocytopenic purpura/haemolytic uraemic syndrome (TTP/HUS). TTP/HUS can result in death.

If you have had kidney problems.

If you have liver problems.

If you are 65 years of age or older.

If you are at risk of dehydration, especially the elderly.

Ensure you drink adequate fluids.

If you have kidney problems or if you are elderly, you should be monitored by your healthcare professional as you may have an increased risk of

developing neurological side effects which is reversible when treatment with ZELIVIRE 500 is stopped.

If you have genital herpes (a sexually transmitted disease).

Taking ZELIVIRE 500 does not cure or eliminate the risk of spreading genital herpes to others. If you are taking ZELIVIRE 500 to treat or prevent genital herpes, or you have had genital herpes in the past, you should still practice safe sex, including the use of condoms. This is important to prevent you passing the infection on to others. You should not have sex if you have genital sores or blisters.

Other medicines and ZELIVIRE 500

Always tell your healthcare provider if you are taking any other medicine. (This includes all complementary or traditional medicines).

Care is needed if you are taking the following medicines along with ZELIVIRE 500:

- Cimetidine (used for heart burn).
- Probenecid (used in certain joint disorders and also used to prolong the action of certain antibiotics).
- Mycophenolate mofetil, cyclosporin, and tacrolimus (used after organ transplantation).

ZELIVIRE 500 with food or drink:

ZELIVIRE 500 can be taken with or without food. Swallow the tablet with a glass of water.

Pregnancy, breastfeeding and fertility

If you are pregnant or breastfeeding your baby, think you may be pregnant or are planning to have a baby, please consult your doctor, pharmacist or other health care provider for advice before taking this medicine.

The safety of taking ZELIVIRE 500 during pregnancy or breastfeeding has not yet been established.

There is no fertility data available.

Driving and using machines

ZELIVIRE 500 can cause side effects that affect your ability to drive.

Do not drive or use machines unless you are sure you are not affected.

3. How to take ZELIVIRE 500

Do not share medicines prescribed for you with any other person.

Always take ZELIVIRE 500 exactly as your doctor or pharmacist has told you. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

The usual dose is:

For the treatment of herpes zoster:

1 000 mg of ZELIVIRE 500 to be taken 3 times per day for 7 days**.**

Recurrent genital herpes:

500 mg twice daily for 5 days. Dosing should begin as early as possible.

For the prevention (suppression) of recurrences of herpes simplex infection

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

*Immunocompetent patients***:** 500 mg to be taken once daily. Some patients with very frequent recurrences (e.g. 10 or more per year) may gain additional benefit from daily dose of 500 mg being taken as divided dose (250 mg twice daily).

Immunocompromised patients: 500 mg twice daily.

Prophylaxis of cytomegalovirus infection (CMV) and disease

Adults and adolescents (from 12 years of age): 2 000 mg to be taken 4 times a day.

Your doctor will tell you how long your treatment with ZELIVIRE 500 will last. If you have the impression that the effect of ZELIVIRE 500 is too strong or too weak, talk to your doctor or pharmacist.

Your dose of ZELIVIRE 500 and duration of treatment will depend on the type of herpes infection that you have and any other medical problems that you have.

Take your tablets as directed and do not stop ZELIVIRE 500 or change your treatment without consulting your doctor.

Your dose may be different if you have had problems associated with your liver and kidneys. Your doctor will decide the dose of ZELIVIRE 500 for you.

Your doctor may adjust the dose of ZELIVIRE 500 if:

If you are over 65 years of age

If you have a weak immune system

If you have kidney problems.

Talk to your doctor before taking ZELIVIRE 500 if any of the above apply.

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

If you take more ZELIVIRE 500 than you should:

Do not take more than the prescribed number of ZELIVIRE 500 each day. In the event of over dosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison control centre. In the event that an overdose has occurred with ZELIVIRE 500, aciclovir, which is the active metabolite of valaciclovir, is removable by haemodialysis (the process of blood purification when the kidneys are not working normally).

If you forget to take ZELIVIRE 500

If you miss a dose of ZELIVIRE 500, take it as soon as you remember and then take your next dose at its regular time. However, if it is almost time for your next dose, do not take the missed dose. Wait and take the next dose at the regular time.

Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses.

4. Possible side effects

ZELIVIRE 500 can have side effects.

Not all side effects reported for ZELIVIRE 500 are included in this leaflet. Should your general health worsen, or if you experience any untoward effects while taking ZELIVIRE 500, please consult your healthcare provider for advice.

If any of the following happens, stop taking ZELIVIRE 500 and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:

- Swelling of the hands, feet, ankles, face, lips and mouth or throat, which may cause difficulty in swallowing or breathing.

- Rash or itching.
- Fainting.
- extensive skin rash that is accompanied by fever, swollen lymph nodes and swelling in the face (Drug reaction with eosinophilia and systemic symptoms (DRESS)).

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious reaction to ZELIVIRE 500. You may need urgent medical attention or hospitalisation.

Tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital if you notice any of the following:

- Yellowing of the skin and eyes, also called jaundice.

These are all serious side effects. You may need urgent medical attention.

Tell your doctor if you notice any of the following:

Frequent side effects:

- Headache
- Feeling sick (nausea)

Less frequent side effects:

- A decrease of platelets in the blood
- Reduced number of red blood cells
- Reduced number of white blood cells
- Reduced number of neutrophils in the blood
- Feeling tired
- Dizziness

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

- Feeling irritated
- Aggressive behaviour
- A feeling of confusion
- Mental confusion
- Decreased consciousness or awareness
- Hallucinations
- Tremors (shakes)
- A decrease or lack of voluntary coordination of muscle movements
- Slurred or slow speech
- Psychosis
- Sleepiness or drowsiness
- Convulsions
- Encephalopathy (a disease in which the functioning of the brain is affected by some agent or condition)
- Coma; especially in patients with kidney dysfunction where the recommended dosage was exceeded
- Vomiting
- Problems with your stomach which may include diarrhoea and stomach pains
- Inflammation of the liver
- Increased bilirubin and liver enzymes (reversible)
- Yellowing of the skin or whites of the eyes (jaundice)
- An increase in the urea and creatinine in the blood
- Severe kidney failure.

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

- Hair loss.

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

Reporting of side effects

If you get side effects, talk to your doctor, pharmacist or nurse.

You can also report side effects to SAHPRA via the Med Safety APP Medsafety X SAHPRA) and eReporting platform (who-umc.org) found on SAHPRA website.

Suspected adverse reactions can also be reported directly to the Holder of certificate of registration via email:

pharmacovigilance.africasme@sunpharma.com or tel: +27(0) 12 643 2000.

By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of ZELIVIRE 500.

5. How to store ZELIVIRE 500

- Store all medicines out of reach of children.
- Store at or below 25 °C.
- Store in the original package.
- Protected from light/moisture.
- Keep the blisters in the outer carton until required for use
- Do not store in a bathroom
- Do not use after the expiry date stated on the label/carton.
- Return all unused medicine to your pharmacist.

- Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems e.g. toilets.

6. Contents of the pack and other information

What ZELIVIRE 500 contains

The active substance is valaciclovir hydrochloride equivalent to valaciclovir 500 mg.

The other ingredients are aluminium lake colour blue, crospovidone, magnesium stearate, microcrystalline cellulose, povidone. The film-coat contains aluminium lake, hypromellose, macrogol, polysorbate, polyethylene glycol and titanium dioxide.

What ZELIVIRE 500 looks like and contents of the pack

Blue coloured, capsule shaped, biconvex, film coated tablets, debossed with 'V' and '5' on either side of the breakline on one side, notched on either side along with the breakline and plain on the other side.

Cartons contain 30 tablets packed in PVdC coated PVC blister strips. PVdC coated PVC blister strips comprises of clear transparent PVC film, coated uniformly with PVdC on inner side with a backing of aluminium foil coated with heat seal lacquer on inner side.

APPROVED PATIENT INFORMATION LEAFLET

Holder of Certificate of Registration

RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD

a Sun Pharma company

14 Lautre Road, Stormill Ext 1

Roodepoort, 1724

South Africa

This leaflet was last revised in

14 August 2025

Registration number

42/20.2.8/0476

Botswana: S2 Reg. no.: BOT 0801269
Namibia: NS2 Reg. no.: 10/20.2.8/0358

.

PASIËNTINLIGTINGSTUK

SKEDULERINGSTATUS: S4

ZELIVIRE 500 Tablette

Valasiklovir 500 mg

Suikervry

Lees die hele inligtingstuk noukeurig deur voordat jy begin om ZELIVIRE 500 te gebruik

- Hou hierdie inligtingstuk. Dit mag vir jou nodig wees om dit weer te lees.
- Raadpleeg asseblief jou dokter, apteker, verpleegster of ander gesondheidsorgvoorsiener as jy verdere vrae het.
- ZELIVIRE 500 is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met enige ander persone deel nie.

  Dit mag skadelik vir hulle wees, selfs as hulle simptome dieselfde as joune is.

Wat is in hierdie inligtingstuk

1. Wat ZELIVIRE 500 is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy behoort te weet voordat jy ZELIVIRE 500 gebruik
3. Hoe om ZELIVIRE 500 te gebruik
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om ZELIVIRE 500 te bewaar
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

1. Wat ZELIVIRE 500 is en waarvoor dit gebruik word

ZELIVIRE 500 is ‘n antivirale middel en dit verlaag die vermoë van die herpes virusse om in jou liggaam

te vermenigvuldig.

ZELIVIRE 500 word gebruik:

- om gordelroos (ook herpes zoster genoem) by volwassenes te behandel. Gordelroos word veroorsaak deur dieselfde herpes virus wat waterpokkies veroorsaak. Dit verminder ook die duur van pyn wat deur die zoster virus veroorsaak word.
- vir episodiese behandeling van terugkerende genitale herpes infeksies by volwasse pasiënte met normale immuunstelsels. As jy seksueel aktief is, kan jy nogsteeds die herpes virus aan jou maat oordra, selfs al neem jy ZELIVIRE 500.
- vir die voorkoming (onderdrukking) van terugkerende herpes simplex infeksies van die vel en slymvlies membrane van die anale-genitale area.
- vir die profilakse/voorkoming van sitomegalovirus (CMV) infeksie, sitomegalovirus (CMV) siekte en ander herpes virus infeksies na orgaanoorplanting.

2. Wat jy moet weet voordat jy ZELIVIRE 500 gebruik

Moenie ZELIVIRE 500 neem nie:

- As jy hipersensitief (allergies) is vir valasiklovir, asiklovir of vir enige van die ander bestanddele van ZELIVIRE 500 (gelys in afdeling 6).
- As jy swanger is of beplan om swanger te raak.
- As jy jou baba borsvoed.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Tref spesiale voorsorg met ZELIVIRE 500:

As jy ‘n beenmurg- of nieroorplanting gehad het, of jy aan gevorderde MIV-siekte of “VIGS” ly. Pasiënte met hierdie toestande kan ‘n groter kans hê om ‘n bloedversteuring te kry wat trombotiese trombositopeniese purpura/hemolitiese uremiese sindroom (TTP/HUS) genoem word. TTP/HUS kan tot die dood lei.

As jy nierprobleme het of gehad het.

As jy lewerprobleme het.

As jy bo 65-jarige ouderdom of ouer is.

As jy ‘n risiko het van dehidrasie, veral die bejaardes.

Verseker dat jy voldoende vloeistof inneem.

As jy nierprobleme het of as jy bejaard is, moet jy gemoniteer word deur jou professionele gesondheidsorgvoorsiener aangesien jy ‘n verhoogde risiko mag hê om neurologiese newe-effekte te ontwikkel wat omkeerbaar is wanneer behandeling met ZELIVIRE 500 gestaak word.

As jy genitale herpes (‘n seksueel oordraagbare siekte) het.

Die neem van ZELIVIRE 500 genees of elimineer nie die risiko van verspreiding van genitale herpes aan ander nie. As jy ZELIVIRE 500 neem om genitale herpes te behandel of te voorkom, of as jy in die verlede genitale herpes gehad het, moet jy steeds veilige seks beoefen, insluitende die gebruik van kondome. Dit is belangrik om die verspreiding van die infeksie na ander te voorkom. Jy moet nie seks hê as jy genitale sere of blasies het nie.

Ander medisyne en ZELIVIRE 500

Lig jou gesondheidsorgvoorsiener altyd in as jy ander medisyne gebruik. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in).

Sorg moet geneem word wanneer jy enige van die volgende medisyne saam met ZELIVIRE 500 neem**:**

- Simetidien (gebruik vir sooibrand).
- Probenesied (gebruik vir sekere gewrigsversteurings en ook om die werking van sekere antibiotika te verleng).
- Mikofenolaat mofetiel, siklosporien, en takrolimus (gebruik na orgaanoorplanting).

ZELIVIRE 500 saam met voedsel of drinkgoed:

ZELIVIRE 500 kan met of sonder voedsel geneem word. Sluk die tablet met ‘n glas water in.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

As jy swanger is of jou baba borsvoed, dink dat jy swanger mag wees of beplan om ‘n baba te hê, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgvoorsiener raadpleeg vir advies voordat jy hierdie medisyne gebruik.

Die veiligheid vir die gebruik van ZELIVIRE 500 tydens swangerskap of borsvoeding is nog nie vasgestel nie.

Daar is geen inligting oor vrugbaarheid beskikbaar nie.

Bestuur en gebruik van masjinerie

ZELIVIRE 500 kan newe-effekte veroorsaak wat jou vermoë om te bestuur kan affekteer.

Moenie bestuur of masjinerie gebruik nie tensy jy seker is dat jy nie geaffekteer is nie.

3. Hoe om ZELIVIRE 500 te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met ander persone deel nie.

Neem ZELIVIRE 500 altyd presies soos wat jou dokter of apteker dit aan jou voorgeskryf het. Kontrolleer met jou dokter of apteker as jy onseker is.

Die normale dosis is:

Vir die behandeling van herpes zoster:

1 000 mg ZELIVIRE 500 3 maal per dag vir 7 dae geneem.

Terugkerende genitale herpes:

500 mg twee keer per dag vir 5 dae. Dosering moet so vroeg as moontlik begin word.

Vir die voorkoming (onderdrukking) van terugkerende herpes simplex infeksie

Immuunbevoegde pasiënte: 500 mg een maal per dag geneem. Sommige pasiënte met baie dikwelse terugkerings (bv. 10 of meer maal per jaar) kan addisionele voordeel trek uit ‘n daaglikse dosis van 500 mg wat as ‘n verdeelde dosis geneem word (250 mg twee keer per dag).

Immuunonderdrukte pasiënte: 500 mg twee keer per dag.

Profilakse van sitomegalovirus infeksie (CMV) en siekte

Volwassenes en adolessente (van 12-jarige ouderdom): 2 000 mg 4 maal per dag geneem.

Jou dokter sal jou inlig oor hoe lank jou behandeling met ZELIVIRE 500 sal duur. As jy onder die indruk is dat die effek van ZELIVIRE 500 te sterk of te swak is, raadpleeg jou dokter of apteker.

Die dosis van ZELIVIRE 500 en die duur van behandeling sal afhang van die tipe herpes infeksie wat jy het en enige ander medisinale probleme wat jy het.

Neem jou tablette soos voorgeskryf en moenie jou behandeling met ZELIVIRE 500 staak of verander nie sonder dat jy jou dokter geraadpleeg het nie.

Jou dosis kan anders wees as jy probleme geassosieer met jou lewer en niere gehad het. Jou dokter sal besluit op die geskikte dosis van ZELIVIRE 500 vir jou.

Jou dokter kan die dosis van ZELIVIRE 500 aanpas:

As jy ouer as 65-jarige ouderdom is

As jy ‘n swak immuunstelsel het

As jy nierprobleme het.

Praat met jou dokter voordat jy ZELIVIRE 500 neem, indien enige van bogenoemde op jou van toepassing is.

As jy meer ZELIVIRE 500 geneem het as wat jy behoort te neem:

Moenie meer as die voorgeskrewe hoeveelhied van ZELIVIRE 500 elke dag neem nie. Raadpleeg jou dokter of apteker in die geval van oordosering. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum. In die geval waar ‘n oordosering met ZELIVIRE 500 plaasgevind het, is asiklovir, wat die aktiewe metaboliet van valasiklovir is, deur hemodialise verwyderbaar (die proses van bloedsuiwering wanneer die niere nie normaal funksioneer nie).

As jy vergeet het om ZELIVIRE 500 te neem

As jy ‘n dosis van ZELIVIRE 500 oorgeslaan het, neem dit so gou as wat jy onthou en neem dan die volgende dosis op die gewone tyd. As dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, moet jy nie die oorgeslaande dosis neem nie. Wag en neem die volgende dosis op die gewone tyd.

Moenie ‘n dubbeldosis neem om te vergoed vir die individuele dosisse wat jy oorgeslaan het nie.

4. Moontlike newe-effekte

ZELIVIRE 500 kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir ZELIVIRE 500 aangemeld is, is in hierdie inligtingstuk ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheidstoestand vererger of indien jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy ZELIVIRE 500 neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgvoorsiener vir advies.

As enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van ZELIVIRE 500 en lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle afdeling van jou naaste hospitaal:

- Swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat moeilike sluk of asemhaling kan veroorsaak.
- Uitslag of gejeuk.
- Floute

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Indien jy hulle ervaar, mag jy ‘n ernstige allergiese reaksie teenoor ZELIVIRE 500 gehad het. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle afdeling van jou naaste hospitaal as jy enige van die volgende opmerk:

- Vergeling van die vel en oë, ook geelsug genoem.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese aandag nodig hê.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:

Dikwelse newe-effekte:

- Hoofpyn
- Voel mislik (naarheid)

Minder dikwelse newe-effekte:

- ‘n Afname in bloedplaatjies
- Afname in rooibloedseltelling
- Afname in witbloedseltelling
- Afname in neutrofiele in die bloed

- Voel moeg
- Duiselig
- Voel geïrriteerd
- Aggressiewe gedrag
- ‘n Gevoel van verwardheid
- Geestelike verwarring
- Verlaagde bewussyn of bewustheid
- Hallusinasies
- Bewerigheid (skuddings)
- ‘n Afname of gebrek aan willekeurige koördinasie van spierbewegings
- Sleepspraak of stadige spraak
- Psigoses
- Slaperigheid of lomerigheid
- Konvulsies
- Enkefalopatie (‘n siekte waar die funksionering van die brein geaffekteer word deur sommige middels of toestand)
- Koma; veral by pasiënte met nierwanfunksie waar die aanbevole dosis oorskry is
- Braking
- Probleme met jou maag wat diaree en maagpyn kan insluit
- Inflammasie van die lewer
- Verhoogde bilirubien en lewerensieme (omkeerbaar)
- Vergeling van die vel of wit van die oë (geelsug)
- ‘n Verhoging in die ureum en kreatinien in die bloed
- Ernstige nierversaking
- Haarverlies

Lig asseblief jou dokter of apteker in as jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk genoem word nie.

Aanmelding van newe-effekte

Praat met jou dokter, apteker of verpleegster as jy newe-effekte ervaar. Jy kan ook newe-effekte aanmeld by SAHPRA via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) ene-verslaggewing platform (who-umc.org) gevind op die SAHPRA webwerf.

As nadelige reaksies vermoed word kan die ook aan die Houer van sertifikaat van registrasie per e-pos of telefonies gerapporteer word: pharmacovigilance.africasme@sunpharma.com of tel:+27(0) 126432000
Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van ZELIVIRE 500 te verskaf.

5. Hoe om ZELIVIRE 500 te bewaar

- Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.
- Bewaar by of onder 25 °C.
- Bewaar in die oorspronklike verpakking.
- Beskerm teen lig/vog.
- Hou die stolpstroke in die buitenste karton tot benodig vir gebruik.
- Moenie in die badkamer stoor nie.
- Moenie na die vervaldatum soos op die etiket/karton aangedui, gebruik nie.
- Bring alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.
- Moenie van ongebruikte medisyne in dreinerings- of rioleringstelsels bv. toilette ontslae raak nie.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat ZELIVIRE 500 bevat

Die aktiewe bestanddeel is valasiklovirhidrochloried gelykstaande aan 500 mg valasiklovir.

Die ander bestanddele is: Aluminiumlakverf blou kleur, krospovidoon, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, povidoon. Die filmbedekking bestaan uit aluminiumlak, hipromellose, makrogol, polisorbaat, poliëtileenglikool en titaniumdioksied.

Hoe ZELIVIRE 500 lyk en inhoud van die verpakking

Blougekleurde, kapsulevormige, bikonvekse, filmbedekte tablette, gepers met ‘V’ en ‘5’ aan een of ander kant van die breeklyn aan die een kant, gekeep aan albei kante langs die breeklyn en skoon aan die ander kant.

Kartonne bevat 30 tablette verpak in PVdC-bedekte PVC stolpstroke.

PVdC-bedekte PVC stolpstroke bestaande uit helder, deursigtige PVC-film, eenvormig bedek met PVdC aan die binnekant, met ’n rugkant van aluminiumfoelie bedek met hitteseëllak aan die binnekant.

Houer van die Registrasiesertifikaat

RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD

‘n Sun Pharma maatskappy

Lautreweg 14, Stormill Uitbreiding 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

Tel:+27(0) 126432000

Hierdie inligtingstuk was laas hersien in

14 Aug 2025

Registrasienommer

42/20.2.8/0476

Botswana: S2 Reg. nr.: BOT 0801269

Namibië: NS2 Reg. nr.: 10/20.2.8/0358